

GAATMAARSAAM TOER
29 JUNIE 2007 – 14 JULIE 2007

Toer lede	No 1	Fanie & Marie Marx
	No 2	Jerome & Anna Henning
	No 3(a)	Andre, Magriet, Chantel & Natasha Baker
	No 3(b)	Chris, Litia, JJ & Ruaan Joubert
	No 4	Hennie, Esther & RM Lombard
	No 5	Jan & Rina Venter
	No 6	Frank & Hettie Smith
	No 7	Paul & Antoinette Kruger
	No 8	Quintin, Wilanda, Marco & Blignaut Prinsloo Blikkies & Wanda Blignaut

Vrydag, 29 Junie 2007 JOOS BECKER WOONWAPARK

Met die vorige kenmekaaraand wat by Paul & Antoinette Kruger se huis was, is daar besluit dat almal mekaar Vrydagmiddag by Joos Becker ontmoet ten einde die CB's en toerusting uit te toets vir die 2 weke lange toer.

Verder is daar besluit dat elke persoon in nommer volgorde die dag as Kampkommandant sal optree.

Dag 1 – No 1 – Fanie & Marie Marx. Soos dit 'n kampkommandant betaam het Marie ons sop gevoer terwyl die vure hoog brand en dadelik ontstaan die eerste aand in 'n heerlike kuier ten spyte van die koue. 'n Paar lede het gou-gou wors op die kole gesit en word daar gesmul aan die sop, broodjies en wors.

Met boekevat deel Fanie & Marie presentjies uit (maatband & flitsie). Die gees van die klomp loop hoog.

Daar word besluit daar moet 'n kreet vir JA en 'n kreet vir NEE wees en so ontstaan LLLLEEEEEUUUU vir ja (saamstem) en LLLLUUUIIIIPERD vir Nee, definitief nie.

No 1 lê die reëls en regulasies aan ons voor, die roete, ens en moet daar gestem word vir hoe laat ons die volgende oggend moet vertrek. So begin No 1 by 06h00 en die skare brul LLLUUUIIIIPERD, dit het aangehou tot Fanie by 09H00 kom en daar brul die skare LLLLEEEEEUUUU.

Saterdag, 30 Junie 2007

Om 07H00 is almal uit die vere en is almal net na 08h00 gereed om te ry. Nou moet daar eers 'n groepfoto geneem word en kry Paul Joos Becker se "inhouse" fotograaf om die foto te neem. Na Daniel (die inhouse fotograaf) se vierde probeerslag is almal netjies in die foto en is almal tevrede.



Ons arriveer by Drie Berge en besluit No 1 dat daar eers na die staanplekke gekyk moet word en daar staan almal in die grondpad. Ongeveer 15 minute het verloop voordat die konvooi weer in beweging kon kom en almal kry 'n staanplek en tjop tjop is kamp opgeslaan.

Daar het die groot gekuier begin en vir 2 soliede weke is daar nie tweede plek geneem nie.

Drie pikkewyne het die eerste aand hulle verskyning gemaak en is daar besluit om hulle vir die res van die toer lewendig te hou.



Die paparazzi het gou-gou die Gatmaarsamers begin fotografeer. "Elke buk 'n meester stuk."





Woensdag 4 Julie 2007

Ons vertrek vanaf Drie Berge na Atlanta waar ons twee nagte oorbly. Weer soos die vorige keer word daar op 09h00 gebrul LLLLEEUUU en is almal teen 08h00 gereed om te vertrek.

Oppad Atlanta toe stop ons vir ontbyt by Beestekraalstasie restaurant. Die arme kelners weet nie wat hulle getref het nie, en was daar ook nie genoeg borde om 23 hongerige siele te voed nie en moes die helfte van die toergeselskap eers klaar eet voordat die ander helfte ontbyt kon nuttig. Dis ook hier waar Fanie deur die Vrederegter (Jerome Henning) in die hondehok gevonniss is.



Ons arriveer by Atlanta ongeveer teen 11H00 en voordat ons behoorlik kon kamp opslaan begin dit te reën. Ten spyte van die reën kuier ons saam met die drie pikkewyne en het seker gemaak dat daar genoeg kos was vir die pikkewyne, want die plaaslike hout verskaffer van Thabazimbi het 100 sakke hout kom aflaai. Terwyl die A lede by die pikkewyne sit en hulle oppas het die B lede gesukkel om skoon klere te kry en ook om hulle droog te kry.

Die tweede aand het die "Chinese" kom kuier. Soos daar nie uit 'n jagkamp uitgepraat mag word nie, so sal die Chinese ook nie bespreek word nie.



Vrydag 6 Julie 2007

Ons vertrek vanaf Atlanta na Marakele. Almal in volgorde



Ons arriveer by Marakele en spring almal om Wildcards se kry en die wat het moet eers die B lede se ID nommers kry. Ek wonder wie ken nie hulle vroue se ID nommers nie, of wat sê ek Hennie?

Tydens die verblyf het Paul, Fanie, Oupa Blikkies en Quintin 'n jagplaas besoek en 'n paar bokke platgetrek. Die biltong gordyn spreek boekdele. Natuurlik na hierdie jag ekspedisie was daar wildslewer koekies en 'n wildspot vir aandete.



Sondag is ons na Fanie & Marie se plaas naby Vaalwater/Alma. Niemand wil op hierdie stadium die grondpad bespreek nie. 'n Afstand van 88km kon slegs in 'n tydperk van 2 en 'n half uur afgelê word. Daar op Berg & Dam gearriveer is koffie gedrink om van die grondpad geskud en stof ontslae te raak en daarna het almal op Oubaas en Paul se bakkie die veld ingery om die wild te besigtig. Ek moet net op hierdie stadium meld dat Anna Henning Paul se “co-driver” was. Lees verder hieroor in die Gaatmaarsamer.

In hierdie tydperk het No 3(a) ons verlaat (drosters) en het No 3(b) nodeloos hulle plek ingeneem.

Dinsdag 10 Julie 2007

Ons vertrek na Bakgatla en word ons groep kleiner, want No 1 volg toe No 3(a) se voorbeeld en dros, met 'n flou verskoning dat hy 'n Camper in die Kaap moet gaan haal.

Ons besigtig wild vir 'n vale en kry 'n paar Gatmaarsamers wat ook wil deel vorm van ons toergroep.



“Spot the human”

Ons het so lekker gekuiery dat ons maar besluit het om nog 'n dag langer te bly. Nou is almal spyt om terug te wees. Dankie aan ieder en elk wat hierdie toer meegemaak het.

Lees verder in die 7 volumes van die Gaatmaarsamer.